
Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

Die demokratiese stelsel waaronder ons vandag probeer lewe, rus op die grondslag van mededinging met persoonlike winsbejag as die dryfveer.

Die





Die gesagstaat van die Ossewabrandwag waarin ons gaan lewe, sal rus op die grondslag van samewerking met onderlinge diens as dryfveer.

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 17 NOVEMBER 1943. No. 2.

Engeland se Militêre Swakheid te Wyte aan Partystelsel

Premier Was Meer Besorgd oor Uitslag Van Verkiesing as Land se Veiligheid

Wanneer die Ossewabrandwag te velde trek teen die partystelsel, neem sommige Afrikaners dit op as 'n aan-val op 'n bepaalde party. Gevolglik hou hulle hulle blind vir die euweis van hierdie ingevoerde stelsel, waarvan, natuurlik, enige party, onder wie se leiding ook al, 'n onderdeel is. Ons neem dus graag onderstaande verpletterende bewys van partypolititke korruptheid uit Engeland — die moederland van die partystelsel waar hierdie onding glo darem nog deug!

Hitler het in 1933 in Duitsland aan bewind gekom, en dadelik baie duidelik laat blyk dat hy hom nie gaan hou aan die beperkings wat Versailles Duitsland opgelê het nie. Vir elke politieke waarnemer was dit ook duidelik dat daar in Rusland 'n groot bewapening aan die gang was met die oog op die uitdelging van die kommunisme deur Hitler. **Die hele Europa het dus sedert 1933 in alleryl begin voorberei op oorlog, en Engeland het daarby seker die nouste belang gehad. Nogtans het daar in Engeland geen bewapening plaasgevind nie, hoewel deskundiges die Britse Regering herhaaldelik gewaarsku het teen wat op die vasteland aangaan.** Vandag weet ons dan ook in watter lewensgevaar Brittanje in die dae kort na Duinkerke verkeer het. Daar was geen wapens nie, en dit was blykbaar net die dreigende gevaar uit Rusland in sy rug wat verhoed het dat Duitsland Engeland nie in daardie tyd onder stof geloop het nie. Dit was as gevolg van Engeland se militêre swakheid dat Duitsland in staat was om die hele Europa te beset waardeur hy strategiese voordele behaal het wat vandag nog nie uitgewis is nie en baie waarskynlik nog deurslaggewend in die oorlog mag wees.

En wat was die oorsaak van Engeland se swakheid en onvoorbereidheid?

DIE PARTYSTELSEL !

Sonder blik of bloos het die destydse eerste minister, Baldwin, en ook leier van die Konserwatiewe Party, die volgende redes in NOVEMBER 1936 vir die vertraging opgegee:

„Sedert 1933 was ek en my vriende baie bekommerd oor wat in Europa aan die gang was. Die ontwapeningskonferensie het daardie tyd gesit. Daar was toe waarskynlik 'n sterker pasifistiese (vredes-) gevoel in die land as op enige ander tydstip. Die Huis sal die Fulham-tussenverkiesing in die herfs van 1933 onthou toe 'n setel van die Nasionale Regering met 7,000 stemme verloor is oor die vraagstuk van pasifisme. Die kandidaat van die Nasionale Regering, wat 'n uiters versigtige verwysing na die vraagstuk van verdediging gemaak het, is daaroor toegetakel.

„My posisie AS LEIER VAN 'N GROOT PARTY was nie baie gemaklik nie. Ek het myself afgevra: ‚Watter hoop bestaan daar dat 'n land waarin daar oral 'n gevoel bestaan soos geopenbaar in Fulham, so van mening sal verander in die volgende twee jaar dat hy 'n mandaat vir bewapening sal gee?'

„Veronderstel ek het na die land gegaan en gesê: ‚Duitsland is besig om te herbewapen, ons moet ook bewapen,' dink enige iemand dat hierdie pasifistiese demokrasie hom onder so 'n kreet sou skaar? Nie op daardie oomblik nie. EK KAN NIE DINK AAN IETS ANDERS WAT DIE VERLIES VAN DIE VERKIESING VAN UIT MY OOGPUNT MEER GEWIS SOU MAAK NIE."

En omdat hy liewer die verkiesing wou wen, het hierdie partyleier nie bewapen nie.

Dit is kensketsend van enige partyleier. Nie omdat hy persoonlik so sleg is nie, maar omdat die stelsel so verkeerd is. Die staatsman kan nie aan bewind kom as hy nie deur die gepeupel ingestem word nie. En om deur hulle ingestem te word, moet hy na hul pype dans. **Enige staatsman word uiteindelik gebreek of verval tot 'n opportunistiese partypolitikus wat liewer vry na die massa-stem as om te doen wat in belang van die volk en land is. Die wen van 'n verkiesing is dan vir hom baie belangriker as die voortbestaan van sy vaderland.**

BITTERE VRUGTE VAN WANBESTUUR

Die Regering het by monde van mnr. H. G. Lawrence, Minister van Demobilisasie, te kenne gegee dat hy met die oog op die woningtekort eersdaags moontlik sal oorgaan tot inkwartiering, d.w.s. mense sal dwing om soldate, amptenare en natuurlik ook vlugtelinge by hulle in huis te neem.

Dit is die kapitalistiese oorlogsbewind se „drastiese" oplossing van 'n vraagstuk wat hy self laat ontstaan het **deur 'n paar jaar lank die aanbou van huise deur noodregulasie stop te sit.** Boumateriaal sou glo nodig gewees het vir militêre doeleindes en daarom kon die volk nie meer toegelaat word om huise te bou nie. „Inkwartiering" is nou die oplossirg vir sy wanbestuur.

Net so gaan dit met die voedsel van die land. Dit word uitgevoer en vermors vir oorlogsdoeleindes. **'n Hongersnood staar ons volk al in die gesig, en nog word ooreenkomste aangegaan met Amerika waarkragtens voedsel die land uitgevoer sal word.** As die hongersnood intree, sal na bogenoemde voorbeeld, die oplossing seker gevind word in die uitdunning van die bevolking se gesinne.

K.G. SE DANK

Die Kommandant-generaal rig onderstaande dankbetuiging aan vriende wat hom gelukgewens het met sy verjaardag:

Weens onvolledige adresse blyk dit in sommige gevalle onmoontlik te wees om my dank vir telegramme van gelukwensinge met my verjaardag aan die vriende te besorg, van wie die gelukwensinge gekom het. Waar u dus nie regstreeks bedank is nie wil ek deur middel van ons Beweging se mondstuk my dank en my waardering vir u liefde en vertroue uitspreek.

Lank lewe die Ossewabrandwag!

J. F. J. van Rensburg,
Komdt.-genl.

Ossewabrandwag Samel £100,000 Binne Twee Jaar in deur Arbeid

Kragtige Groei Geopenbaar op Sitting Van Nuwe Grootraad

Die Grootraad, soos saamgestel na uitbouing van die Ossewabrandwag tot 'n algemene volksbeweging met inskakeling van alle Afrikanerkragte op die verskillende terreine van die volkslewe en -strewe, het verlede week 'n baie vrugbare sitting in Johannesburg gehad. Dit het geblyk dat die organisasie hom volkome aanpas by die begrip van 'n organiese geheel en volkome in ooreenstemming is met die vereistes van 'n volksbeweging.

Die beleidsbeginsels soos opgestel deur die studielaers en gekonsolideer deur die Beleidsafdeling onder leiding van prof. L. J. du Plessis, is deur die Grootraad goedgekeur en aanvaar. 'n Opsomming daarvan, rakende ekonomiese, maatskaplike, staatkundige en rasse-vraagstukke sal binnekort gepubliseer word.

Die Vroue-adjunkraad was ook gelyktydig in sitting in verband met volksorgsake as ook in gesamentlike sitting met die uitgeboude Grootraad.

Verslag is ook gedoen van die opbrengste van 8 Augustus. Dit blyk dat die insamelings van O.B.-dag die reuse-bedrag van £20,000 vir die Unie opgelewer het in vergelyking met £14,000 verlede jaar. Hierdie skitterende prestasie bewys ondubbelsinnig die lewenskragtigheid van die Ossewabrandwag as Volksbeweging, en nog meer so as in aanmerking geneem word dat heelwat meer as hierdie bedrag in reserwe gehou word deur die verskillende eenhede van die Beweging dwarsdeur die land.

Afgesien hiervan kon ook gerapporteer word dat die Beweging se Noodhulpfonds tot op datum ruim £40,000 ingesamel en bestee het.

Binne die tydperk vândat die stryd teen hom aangesê is twee jaar gelede kan die Ossewabrandwag dus aankondig dat danksy die pligsgetroue toewyding en arbeid van sy lede 'n bedrag van bykans £100,000 vir sy strydfonds en volksorg ingesamel is.


Uit die verslae ingelewer blyk ook dat die lewensbeskouing en beginsels wat deur die Ossewabrandwag verkondig word, in ver wyer kringe buite die organisasie en selfs binne die kringe van O.B.-vyandiggesinde organisasies aanvaar en nagestrewe word. Hierdie feit bevestig en onderstreep dan ook die Ossewabrandwag-organisasie as die insluitende algemene volksbeweging. Daarom kon ook melding gemaak word van 'n toename in die ledetal in etlike afdelings.

Al hierdie feite saam bewys dat die Ossewabrandwag ondanks die grootste pogings om hom dood te maak, nie vernietig kon word nie, maar inteendeel van krag tot krag ontplooi het. Hy staan vandag meer versekerd van sy toekoms as ooit te vore, en daarom is die Afrikanervolk se toekoms ook meer versekerd.

VOLKSKONGRES

In verband met die groot volkskongres in Bloemfontein op 14 Desember insake moedertaalskole, verlang die sekretaris van die F.A.K. dat alle vereniginge en liggame wat voornemens is om die kongres by te woon, die sekretaris, posbus 8711, Johannesburg, nie later nie as 10 Desember daarvan in kennis moet stel. Voorstelle in verband met die kongres moet hom voor 30 November bereik.

Sonnige tabakblare rus in geurige ou wynvate. Onverstoord word hul ryper en ryper totdat u die volmaak geurige beleë kwaliteit van drosdy-tabak kry.



drosdy die rypste tabak bekend.

drosdy TABAK IS IN OU WYNVATE BELEË

Hoofartikelblad Advertensies
Aankondigings van O.B.-funksies word in hierdie kolom opgeneem teen 10/- per duim.

BYEENKOMSTE

Byeenkomste word op die volgende plekke en datums deur **ds. S. J. Stander** toegespreek:

PHILIPPOLIS: 16de NOV.
FAURESMITH: 17de NOV.
LUCKHOFF: 18de NOV.
JACOBSDAL: 19de NOV.

Die tyd en plek van Byeenkoms sal plaaslik bekend gemaak word.

VERSKEIDENHEIDS-KONSERT

DIE VROUE-KOMMANDO VAN WOODSTOCK HOU 'N VESKEIDENHEIDSKONSERT
met
MARJORIE BURCHELL BURGER
(Kaatjie Kekkelbek)
SUID-AFRIKA SE VOORAANSTAANDE PROFESSIONELE NABOOTSER
in die
Eendragsaal — Soutrivier
op
Saterdag, 20 Nov. 1943
om 7.45 n.m.
TOEGANG: Volwassenes 2/4.
Kinders 1/2.
(Belasting ingesluit)

BASAAR!!

'N BASAAR WORD DIE OGGEND IN DIE EENDRAGSAAL GEHOU BEGINNENDE om 10.30 v.m.

TOT U DIENS!!

Reeds vir 2 jaar is ons besig om ons naam in Kaapstad bekend te maak. Nou is dit ons aangenaam om ons aan plattelandse lesers en onbekende vriende bekend te stel.

ONS BIED U MEUBELS

vanaf u kombuis tot by u slaapkamer.

Enige spesiale ontwerp word in ons fabriek onder persoonlike toesig gemaak.

Stinkhout-meubels
'n spesialiteit en aangebied teen fabriekspryse

MEYER en FERREIRA
Laer Hoofweg 287
OBSERVATORY

SPESIALE AANBOD, —
LAAT BESENDING AANTREKLIKE
„Jarmode"- en „Gero"-
BAADJIEPAKKE en JASSE
Teen egte verminderde Pryse by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMES-MODISTE

Die Oue is Verby

Na die algemene verkiesings met hul duidelike taal is dit vir die Afrikaner volk nodig om voorraad op te neem. Dit baat ons niks dat die een groep die ander verwyte voor die deur lê nie. Daar is die toekoms om voor te werk, daar is die gevare om te bowe te kom en daar is die ideale wat verwesenlik moet word. Oor 'n groot deel van hierdie dinge bestaan daar by die volk geen verskil nie. **Daar bestaan by die volk as sodanig ook nie veel verskil oor die metode ter bereiking van ons ideale nie.** Die Ossewabrandwag het maande voordat hom die oorlog aangesê was, republikanisme verkondig en ondanks — of miskien ten gevolge — daarvan het sy ledetal by die duisende toegeneem. **Die onbevooroordeelde volk het dus genoeë geneem met die doelstellings en metodes van die Volksbeweging.** Dit was eers nadat sekere leiers met allerhande beuselagtige besware en onwaardige aanklagte gekom het dat daar verwarring ontstaan het. As daar vandag gelet word op die uitlatings van die H.N.P.-leiding is dit vir elkeen baie duidelik dat die groot geskilpunt by hierdie mense gegaan het oor die vraag: **wie die politieke organisasie van die Afrikanerdom in die toekoms moet wees, die H.N.P. of die Ossewabrandwag.** Vandaar die bykans senuweeagtige beklemtoning dat die volk die H.N.P. by die afgelope verkiesings aangewys het as die enigste politieke organisasie. Die H.N.P. het by die jongste verkiesing daarin geslaag om die enigste teenstander van die Regeringsparty te wees. Niemand anders het 'n strooi in sy weg gelê nie. As sy stryd vertolk moes word as 'n stryd vir die Afrikanerdom, kan die uitslag eenvoudig as pynlik beskryf word. Uit 'n totaal van 170 setels het die Afrikanerdom dan maar net 48 gewen teenoor 128 wat hy nog moet wen. Die Kruithoring lug dan ook die betekenisvolle klag: **„As al die Nasionale ondersteuners weer in dieselfde mate hul plig gedoen het soos op 7 Julie sou ons party 'n vyftien of twintig meer setels verower het."** Dit beteken dat die Nasionale ondersteuners so 'n lustelosheid, so 'n gebrek aan belangstelling in die verkiesing geopenbaar het dat vyftien of twintig setels daardeur verlore geraak het. **Is dit nie genoegsame bewys dat verre daarvandaan dat die volk die H.N.P. as sy enigste politieke organisasie aanvaar het, die volk juis die H.N.P. tot so 'n mate verwerp het dat 'n vyftien of twintig setels verlore geraak het wat met die steun van drie maande gelede nog verower kon gewees het nie?** En drie maande gelede was die Afrikaners nog verdeel tussen twee nasionale partye en het een-kwart van die kiesers al buite stemming gebly. Indien die Afrikanerdom die politieke party as sy enigste wapen aangeneem het, behoort die uitslag hierdie keer mos baie belowender te gewees het. Geen wonder dat Die Kruithoring sy lesers dan ook voorberei op 'n honderdjarige stryd nie. Maar kan ons nog honderd jaar wag?

Die verklaring vir hierdie toestand kan slegs wees dat die Afrikaner bewus geword het van die ommekeer wat daar in die wêreld besig is om plaas te vind — **die oorgang naamlik van die parlementêre demokrasie tot die sosiale gesagstaat. Die partypolitiek is 'n verdwynende faktor. Dit behoort aan die verlede. Dit is 'n wapen van die verlede. Dit is 'n ou sak wat die ou wyn van die demokrasie gedurende die afgelope eeu bevat het. Dit is 'n onnatuurlike en onmoontlike saak om die nuwe lewensinhoud van die toekoms te wil probeer indruk in die afgeleefde en uitgediende vorms van die verlede. En daarom kan en sal ons volk met geen mooi praatjies of dreigemente weer teruggevoer kan word tot enige politieke party nie — al is wie ook die leier daarvan.**

Die Ossewabrandwag daarenteen is die draer van die nuwe toekoms. Sy vorm met sy gesagstruktuur is 'n produk van die hede. Dit vervang die politieke vorms van die verlede en daarom vervang dit ook in geesdrif die politieke party van die verlede. Dit mag vir baie Afrikaners pynlik wees om afskeid te neem van die partygedagte wat hulle dertig jaar of langer gekoester het, **maar daardie pynlikheid sal niks meer teen die druk van die tyd vermag as die geween oor die heengaan van 'n grysaard nie. Sy tyd is verby en sy plek word geneem deur die jongeling van vandag. En daardie jongeling is die Ossewabrandwag. Omdat die Ossewabrandwag dan ook die verteenwoordiger van die toekoms is, sal dit vir hom onmoontlik wees om ooit weer aan 'n politieke party gekoppel te word. Die dartelende kind kan tog nie aan die sterwende grysaard gekoppel wees nie, die lewe kan tog nie aan die dood gebonde wees nie!**

By enige heroorweging van ons politieke toestand vandag, sal hierdie waarhede in aanmerking geneem moet word. En daarby kan in gedagte gehou word dat die nuwe politieke gedagte baie wyer kyk as die ou partygedagte. **Vir die Ossewabrandwag bestaan die volk nie uit lidmate van die organisasie nie, maar uit die draers van Afrikanerbloed. Waar partyleiers vandag beroepe doen op Afrikaners om by hul party te kom aansluit en sodoende eenheid te bewerkstellig, daar doen die Ossewabrandwag beroepe op Afrikaners om by hul VOLK te staan, want dan staan die Ossewabrandwag by hulle.**

VERJAARDAGKETTING

18 Nov.: Adriana Klue (George), Dinah du Toit (Kakamas), Christiaan W. Myburgh (Merweville), Petrus J. J. J. van Vuuren (Merweville).
19 Nov.: Elizabeth Vernooi (Beaufort-Wes), Japie N. Botes (Beaufort-Wes), Petrus Havenga (Port Elizabeth), Grieta Wilken (Pearston), Anna Kruger (Tiervlei), Gert Brink (Sutherland), Ella Rossouw (Duiwekop), Jurina M. Upton (Port Elizabeth), Schalk W. Byleveld (Aughrabies), Rhona Botha (Port Elizabeth), Hilda Morland (Franshoek).
20 Nov.: Susie Finlay (Stellenbosch), Elise Smith (Malmesbury), Jacoba P. Hanke (Kirkwood).
21 Nov.: Annie C. Zwart (Aughrabies), Gert du Plessis (Sutherland), Wilna Engelbrecht (Bellville-Suid), Susanna Derksen (Carnarvon).
22 Nov.: Hester J. Nel (Bethlehem), John C. S. van der Merwe (Kromrivier), Abraham Esterhuise (Sutherland), Carl J. J de Ridder (Kirkwood).
23 Nov.: W. H. M. Oosthuizen (Stellenbosch), Martha Vivier (Beaufort-Wes), George J. Olivier (Sutherland), Gideon Hugo (Franschhoek), Alta Bekker (Tarkastad).

K.G. OP SUTHERLAND

Groot besieling het op 29 Oktober van Sutherland uitgegaan toe die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, die funksie vir O.B.-dag aldaar bygewoon het. Die K.G. is op skitterende wyse ontvang deur 'n groot skare en 'n perdekommando van dertig ruiters. Hy is verwelkom deur hfkomdte. Brink. 'n Basaar is daarna gehou waar ds. Brink met gebed geopen en komdt. Immelman die welkomswoord gespreek het. Hfkomdt. Van der Merwe het die funksie met 'n bondige toespraak geopen. Vir die K.G. is 'n tafel reggemaak bo op die verhoog, maar hy het verkies om saam met sy kamerade onder op die vloer tee te geniet. Later in die dag het die K.G. 'n stampvolle saal toegespreek. 'n Netjiese erewag van mans en vroue het hom ingewag.

Op die verhoog was 'n voorstelling van die paneel van die Vrouemonument met 'n moeder en sterwende kind. Die Boerejeug het „Slaap rustig Dappere Helde" gesing onderwyl die K.G. die saluut geneem het. Die Boerejeug het hom ook tot op die verhoog gelei waar hulle hom toegesing het „Hou Koers met die Volk". Die twee oudste dames van die vroue-kommando het saam met die K.G. op die verhoog plaasgeneem.

Na afloop van die vergadering het die K.G. gesellig verkeer met die kommando, veral met die groep padmamakers wat weens harde werk eers die aand opgedaag het.

Komdte. Crawford van Beaufort-Wes het 'n O.B.-wapen-speld vir veldkte. H. Vlok aangesteek as huldeblyk vir haar ywer. Sy het naamlik in drie maande se tyd £8-5-0 ingebring van die halfkroon wat sy vir woeker ontvang het.

Die mooi bedrag van £156 is die dag ingesamel, wat Sutherland se bydrae tot die O.B.-dagfonds is.—(Meegedeel).

120 Takke
49,000 Lede
AVBOB
Reserwefonds £144,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

MARKAGENTE

Ons is U agente en is trots dat ons dit mag wees. Met ons puik organisasie en versekerde afsetgebied kan ons u tevredenheid waarborg want dit is seker — u tevredenheid is die enigste basis van ons sukses!

Eiers. Pluimvee.
Groente. Vrugte.
Voer en Vee

Volkskopermark
BPK.
MOREMARK. NEWTOWN.
Foon 34-1442. Wolhuterstr 62
JOHANNESBURG

Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.

KERSFEESKAARTE!

MET DIE OSSEWABRANDWAG-WAPEN IN VOLLE KLEURE GEDRUK EN PASSENDE WENSE EN VERSIES
'N PRAGTIGE KUNSWERKIE
KONTANT MET BESTELLING **6/-** (Per dosyn posvry)
Weens papier beperkings is daar net 'n beperkte voorraad Kerskaarte verkrygbaar.
BESTEL ONMIDDELLIK!! VOORKOM TELEURSTELLING!!
Bestel deur
Gebieds-Hoofkantoor Groote Kerkgebou
Kamer 603 Kaapstad
N.B. — Posbestellings word net vir 'n halfdosyn en meer aangeneem.

DIE O.B.

'n Beperkte getal Volledige Stelle van *Die O.B.*, Tweede Jaargang, in Boekvorm gebind, met Harde Omslag, sal verkrygbaar wees indien die aanvraag bevredigend is
teen
17/6 *Per Stel Posvry*
KONTANT MET BESTELLING.
Hierdie versameling is van groot geskiedkundige en praktiese waarde in ons huidige stryd.
Alle bestellings moet hierdie kantoor bereik voor die 30ste November 1943.

DRINGEND NODIG VIR INTERNERINGSKAMP

Ons geïnterneerde broers wat deur die trae gang van die tyd gemartel word, het in hul stryd teen verveeldheid, dringend behoefte aan die volgende:

Vioolsnare (boogsnare), perdestertjies en ander hare vir borsels, ens., pypstele, byewas, vlakvarktande, seekoeitande, e.d.m., skulpe, sagte leer, klein skroef vir draaibank, klein skarniertjies, enige soort hout, veral sagte houtsoorte, skuurpapier, metale, roulynolie (3 in 1), klein skoerfies.

Stuur aan Die Sekretaris, O.B.-Noodhulpfonds, Voortrekkergebou 406, Johannesburg.

SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

Terme uiters billik.

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

KOOP NOU!

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars

(Eiendoms.) Beperk.

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6806.

DE KOCK se GARAGES

Foon 110, Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.

Foon 16, Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS! . . .

V.M.K. AANBEVEEL.

Waarde vir geld



Die Geloof van 'n Brandwag Getoets

Geen Nuwe Wyn in ou Sakke nie

VI.

(Slot.)

„Nou het ons tot die punt gekom waar alles eigelik om draai", sê my vriend toe ons mekaar weer ontmoet. „Soos ek gesê het, die nasionale party het so 'n suiwere nasionale en sosiale beleid dat die O.B. dit net so kan oorneem en geen rede het om nog verder eenkant-toe te trek nie."

„Wel, soos ek gesê het, die bedoeling is seker goed, maar een ding ontbreek."

„Maar net een? Dit kan tog maklik reggemaak word."

„Miskien; tog is dit geen kleinigheid nie. Ons het nou al gepraat van die gees van die tyd, ens. En die waarheid is dat daar 'n groot verandering in die wêreld plaasvind: die tyd van ‚elke een vir homself' gaan verby."

„Nouja, dit erken ons ten volle."

„Maar dit is nie net 'n kwessie van 'n nuwe gees nie, maar ook van 'n nuwe lewensvorm en nuwe instellinge wat daarby pas. Die nuwe wyn het ook nuwe leersakke nodig, en julle fout is juis dat julle probeer om die nuwe wyn in die ou sakke te hou. Dit kan nie. En daar het jy die een groot saak wat by julle kortkom."

„Wat bedoel jy nou eigelik hiermee?"

„Kyk, vriend, om net 'n paar voorbeelde te gee: **julle praat van 'n nasionale staat, maar dan wil julle tog die liberale party- en parlement-stelsel behou; julle praat van 'n witmansland en tog weier julle algehele segregasie; julle wil 'n republiek hê, maar eers as 'n groot meerderheid daarvoor is; christelik-nasionale onderwys wil julle graag invoer, maar die gereformeerde leer van ons Calvinistiese volk mag nie die grondslag daarvan wees nie; sosiale hervorming streef julle na, maar die klassestryd van vakunies en werkgewersorganisasies moet bly, en so voort en so verder. Julle wil die nuwe hê en tog nog die oue behou — blote lapwerk, oumaat, wat nie kan standhou nie.**"

„Maar wil julle dan 'n rewolusie in Suid-Afrika bewerk?"

ALGEHELE VERNUWING

„Wel, noem dit hervorming of rewolusie, soos jy wil, in elk geval 'n totale omkering van die liberale stelsel wat van buite hier ingevoer is en 'n algehele vernuwing van ons volkslewe. Die mensheid en die Afrikanerdom is nou moeg vir lapwerk!"

„Dit klink baie mooi, maar wat wil julle nou so besonders invoer behalwe wat die party ook voorstaan?"

„Gelukkig kan ek dit kort en klaar aan jou voordra: ek het nou net 'n opsomming ontvang van die O.B. se beleid wat ek aan jou kan voorlees. Luister nou mooi:

1. **Geen partysteisel, maar 'n volksbeweging.**
2. **Geen parlementêre demokrasie, maar 'n gesagstaat.**
3. **Geen kantoorregering, maar beroepselfbestuur.**
4. **Geen uitlanderseggenskap, maar Afrikanerburgerskap.**
5. **Geen gelykstelling of rasvermenging, maar segregasie.**
6. **Geen imperialisme, maar Afrika vir die Afrikaner.**
7. **Geen liberalisme, maar Christelik-nasionale orde.**
8. **Geen werkloosheid en genadebrood en klasverskille.**
9. **Geen uitbuiting en volksverarming.**
10. **Geen kapitalisme of kommunisme, geen spekulasie of depressie, geen skuldslawerny of Afrikanerknegskap meer nie —**

„maar die Afrikaanse gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard, elkeen vir almal en almal vir elke een!"

„Ek moet sê dat die party miskien op die oomblik nog nie bereid sal wees om so 'n dokument uit te vaardig nie, maar tog staan daar in wat jy gelees het nie iets wat die party nie beweeg kan word om aan te neem nie. Oor hierdie soort sake hoef die O.B. nie apart te staan nie. Kom help ons liewer om sake binne die party reg te maak. Soos dit nou gaan, het julle bestryding van die party net tot gevolg dat julle die volksverbrokkeling waarteen julle veg, vergroot, dat julle die partystelsel wat julle veroordeel, juis versterk deurdat julle self ontaard tot 'n Van Rensburg-party in plaas van 'n kulturele volksorganisasie."

„Die O.B. 'n Van Rensburg-party! maar man, dit kan mos nie wees nie."

„Waarom nie, julle is tog maar 'n seksie wat agter Hans van Rensburg aanloop, 'n regte party."

„Hoor, hoe veroordeel so 'n partyman die hele partystelsel! Maar die O.B. is geen party nie en nog minder 'n Van Rensburg-party."

„Wat is die verskil?"

VOLKSBEWEGING

Die verskil is dit, dat volgens die gees van die O.B. en sy kommandantgeneraal die O.B. nie aan dr. Van Rensburg behoort nie, maar dr. Van Rensburg aan die O.B. behoort. Daarom is die O.B. geen Van Rensburg-party nie. En verder is dit ook hoegenaamd nie 'n party nie, nie alleen omdat dit nie vir parlementêre setels veg nie, **maar veral omdat dit nie mede-Afrikaners beveg omdat hulle nie tot die O.B. behoort nie. 'n Party vind volkseenheid alleen binne sy eie mure en almal daarbuite is vir die party vyande en volksverraaiers. Maar die O.B. vind en erken Afrikanerskap oral waar Afrikanerbloed nog dikker as water loop.**

Die O.B. se taak is om die Afrikanerdom weer te laat besef dat hy onbreekbaar een is, deur God self so gemaak is, en dat al die kunsmatige verdelinge in seksies, partye, klasse en organisasies sy bloeds- en lotseenheid nie kan ophef nie.

Die O.B. wil nie alle Afrikaners in sy eie kraal forseer nie, hy erken en eerbiedig die veelvormigheid van die Afrikanerdom se volksontwikkeling, maar in elke Afrikaner binne of buite die O.B. sien hy 'n broer — daarom is die O.B. geen party en kan hy dit nie wees nie."

VERLOWINGS, HUWELIKE, GEBOORTES, ens.—kondig dit aan in DIE O.B.

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE BEREIKBARE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

Schoemanello Drank . . .

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

	PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels.	PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels.	PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer.
WYNE:			
Fonkelwyn	5/–	5/–	—
Lewenswyn	3/6	3/6	—
Vermouth	2/6	2/6	—
Hanekraai-Cocktail	3/6	3/–	—
Likeurwyn en Ou Port	2/–	1/8	8/6
Jeripigo Rooi en Wit	1/3	1/2	6/–
Soet Muskadel en Port	1/2	1/1	5/6
Worc. Hock en Pontak	1/1	1/–	5/–
Spesiale Sjerrie	1/–	11d.	4/9
Sjerrie	11d.	10d.	4/3
BRANDEWYNE:			
Schoemanello	7/6	6/6	36/–
Ekstra Spesiaal	7/–	6/3	34/–
Brandewyn, F.C.	6/6	6/–	33/–
LIKEUR-BRANDEWYN:			
Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum	6/6	5/6	31/–
JENEVER LIKEURS:			
Lemoen en Suurlemoen	7/6	6/6	—

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons ele bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u ele inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — S.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,

POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

£100,000

in aandele is sedert Maart laaslede deur lede van die publiek onderskryf in Excelsior Meubels Beperk. Die jongste finansiële state weerspieël groot winste oor die afgelope boekjaar en 'n diwidend van 8% word weer verklaar op inbetaalde kapitaal.

U soek na 'n suksesvolle saak om u geld in te belê en hier is u kans! Besoek ons organisasiekantore waar u kan verneem van die groot omset en uitbreidingsmoontlikhede van ons sewe takwinkels en twee fabrieke of vra om inligting op die vorm hieronder.*

Organisasiekantore:— Johannesburg: Spoorbondkasgebou, de Villiersstraat. Kaapstad: Kamer 614, Groote Kerkgebou. Bloemfontein: St. Andrewstraat 123. Port Elizabeth: Kamer 617, Colonial Mutualgebou.

EXCELSIOR MEUBELS BPK.

* Die Sekretaris, Excelsior Meubels Bpk., Posbus 6670, JOHANNESBURG.

Stuur asseblief besonderhede van u aandele aan:—

M.....

.....

(O.B., 10 Nov. 43) .....

Ons sukses is u voorspoed

Geklassifiseerde Advertensies

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Handelsadvertensies: 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.
Persoonlike Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

INTEKENGELD. (Streng vooruitbetaalbaar).
Deur Kommando: 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.
Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.: 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.
Adresveranderinge: 1/- per adresverandering.

GEBOORTE

CRONJE. — Aan Andries en Jean Cronje, Beckstraat 2, Bloemfontein, 'n seuntjie op 9 September, Stoffeltjie.

VERLOWING

STRAUSS — DU PLESSIS: Hiermee word bekend gemaak dat Lily, oudste dogter van mnr. en mev. J. A. du Plessis, Wellington, en Frikkie, seun van mev. en wyle mnr. J. H. Strauss, Tiervlei, vroeër van Calvinia, op die 13de November 1943, verloof geraak het.

HUWELIK

BURGER—BOSCH: Die huwelik van Paulinie, enigste dogter van mnr. en mev. A. P. Burger, Vereeniging, en Aubrey, oudste seun van wyle mnr. en mev. J. H. Bosch, Vereeniging word bekend gemaak en vind D.V. plaas op 11 Desember 1943, in die Ned. Geref. Kerk, Vereeniging. Telegramme: Georgestraat 33, Vereeniging.

DOODBERIG

SMUTS. — Sag heengegaan op 12 November te „Vredelus," Van Riebeekstraat, Brooklyn, ons dierbare vader Nikkie Smuts, in die ouderdom van 58 jaar. Diep betreur deur sy vrou en kinders.

IN MEMORIAM

GROBBELAAR. — 'n Jaar van eensame droefheid, stille trane en bittere verlange is verby, en nog is dit soos die dag van gister, toe ons moes afskeid neem van ons dierbare vader en oupa, Albertus Johannes Grobbelaar.

Vader u lewe stil, u voetspore reg,
Want u was Gods kind en kneg,
Die nag was donker, die dood was daar;
Die Kelk was bitter en tog te swaar:
Hy moes vertrek na die engelekring,
Waar ons weer saam met hom sal sing.

Van sy verlangende kinders en kleinkinders, Anna, Fanie, Albertus en du Toit.

BYEENKOMS

GELIEWE kennis te neem dat dr. Rautenbach, Maandag 22 Nov. 1943, 'n vergadering in die Ambulanssaal, Cricketstraat, Bloemfontein, om 8-uur n.m. sal toespreek, in verband met O.B.-Voorligtingsveldtog. Alle O.B.-lede moet teenwoordig wees en ander belangstellendes is hartlik welkom.

BETREKKINGS

TWEE openinge vanaf 1 Januarie 1944: (1) Bekwame blanke huishoudster wat goed kan kook. (2) 'n Jong dogter as moedershulp. Gerieflike huis en uitstekende salaris. Skryf aan **mev. Van Zyl, Tulley-Allen-weg, Rondebosch.**

GESONDE blanke jong dame vir huiswerk en kook. Salaris £5 per maand, vry inwoning. Bediendes word aangehou. Stuur getuigskrifte. **Mev. P. H. van Wyk, Blaaubank, Posbus 7, Barkly-Wes.**

GESONDE blanke jong man as hulp op vrugteplaas. Moet motorkar-drywerslisensie besit. Begin salaris £8 per maand, vry inwoning. Goeie vooruitsig vir flukse en gewillige jongman. Stuur getuigskrifte. **P. H. van Wyk, Posbus 7, Barkly-Wes.**

BENODIG

2 AFRIKANER dogters, betroubaar en lief vir kinders, ook vir algemene huiswerk en kook. £3 — £4 per maand volgens bekwaamheid. **Mev. R. L. Barry, Reitzstraat, Robertson.**

TIEN sakke Kaal lawer. **Kwotasie aan: Genl. E. B. Cadle, Twyfelfontein, P.K. Mooirivier, Natal.**

TE KOOP

PATATRANK-TOPPE, 6 maande, teen 8/- per 1,000; 3 maande wit 7/6 per 1,000; 3 maande Borrie 7/6 per 1,000. Kontant met bestelling. **B. H. Gerber, Olifantshoek, P.K. Hoekwil, George.**

TOP ranke, sesmaande Borrie en Wit, 8/- per 1,000. Vars tafel-aartappels 17/6 vir 153 pond. Gelewer Serpentine-sylyn. **K.M.B. J. Gerber, P/sn., P.K. Hoekwil, Dist. George.**

GEWORTELDE plantjies van my nuwe soort patat „WENNER" — die wit patat van die toekoms, 5/- per 100, kontant met bestelling. **G. H. Schreve, Uniondale.**

PATATRANKSPRUITE lank genoeg vir plant. Sesmaande ranke 6/6 per duisend; Borrie 7/6; Driemaande ranke 7/- per duisend. **S. P. Gerber, P.S. Serpentine, George.**

SO LYK „AANVALLE"!

Daar is mense wat meen dat die O.B. mede-Afrikaners aanval wanneer hy die **partystelsel** kritiseer. Daar word dan beweer dat die H.N.P.-pers ons ongehinderd laat. Die dagblaaie doen dit wel weens die teenstand van die volk, maar Die Kruithoring, strydblad van die H.N.P., is gedurig besig met persoonlike en smerige aanvalle op die Ossewabrandwag. Hier volg 'n kort bloemlesing uit die jongste paar uitgawes:

Op 29 Sept. skryf die blad op bls. 3: „'n Raaisel in Ierse promosie.— Eers was hy 'n Assistent-kommandant-generaal, toe 'n Inspekteur-generaal, toe 'n reisende rolprentvertoner en nou, hoor ons, word hy weer genoem Organisasieleier. Wie is hy?"

(Die Organisasieleier van die Ossewabrandwag is genl. J. A. Smith).

Op bls. 4 van dieselfde uitgawe lees ons o.a.: „In Beaufort-Wes het hulle (die O.B.) hul ondersteuning toegesê aan mnr. J. C. Minnie, 'n dwalende in die woestyn, wat hoop om op 13 Oktober die paal te haal met die ondersteuning van die O.B., die Sappe, die Jode en die kleurlinge. **Blykbaar is dit 'n nuwe sóort ‚eenheid' van hierdie vier elemente wat voorgestaan word."**

Op 13 Oktober (bladsy 4) verskyn die volgende stukkie smerigheid ter verryking van ons politieke skeldtaal (ons vra ons lesers om verskoning vir die herdruk daarvan): „John Randolph, lid van die Amerikaanse Kongres, het sy lewenslange teenstander, Henry Clay, as volg beskrywe: ‚Hy blink en stink, en hy stink en blink soos 'n vrot makriel in die maanskyn.' **Is daar nie miskien iemand in Suid-Afrika van wie 'n mens dieselfde kan sê nie?"** Aldus vra die blad.

Op 10 Nov. (bladsy 3) skryf die blad o.a.: „Toe mnr. Minnie egter op die stoep van die magistraatshof as die verslane kandidaat moes verskyn, **was daar stegs twee lede van die O.B. onder die skare wat die verkiesingsuitslag kom aanhoor het.** . . In sy uur van nood en verdriet het die O.B.'s hul kandidaat en volksgenoot in die steek gelaat!"

Op dieselfde bladsy verder: „Ja nee, ons magstaat-vriende in die land van die Ossiebees glo mos nie in kruisies maak nie! Maar jy moes gesien het hoe „generaals" en „majoors" en „gauleitertjies" in samewerking met die Sappe op hul knieë in Beaufort-Wes gesmeek het om 'n ou kruisie. Die Beaufort-Wes-volksfront was ook nie eintlik so kieskeurig soos hul super-de-luxe generaaltjies op hul vergaderings wil voorgee nie. O nee, Jan Bantjies en sy volkies was maar alte welkom en het sommer in groot getalle saam met die O.B.-sap-kombinasie gestem teen die Nasionale kandidaat.

Net ter verduideliking kan gemeld word dat mnr. Minnie se kandidaatskap niks met die Ossewabrandwag te doen gehad het nie. Hy was die sittende lid van die Provinsiale Raad in daardie kiesafdeling en het as onafhanklike gestaan. **Hy is tewens voorgestel deur 'n lid van die H.N.P., mnr. Dirk de Vos, wat kort daarna SKRIFTELIK deur die sekretaris van die H.N.P.-tak, mnr. S. Verster, in kennis gestel is dat hy geskrap is as lid van die Party „weens ontrouheid".**

TE KOOP

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benadé. Sasbankgebou, Bloemfontein.

DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: **Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.**

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte Speelmanskraal, George. K.M.B. J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.

WANGANELLA RAMME. — Opreggeteelde Wanganella Ramme verkrygbaar vanaf 1 April 1944, teen billike pryse. Groot karkasse en hoë kwaliteit wol die kenmerke. Bestel vroegtydig ten einde teleurstelling te voorkom. **F. S. Olivier, P.S. Oude Land, Dist. Graaff-Reinet.**

HERHOLDT se BOOMKWEKERYE, Posbus 660, — Johannesburg.
Ons voorrade van **Vrugtelome** en **Rose** was vroeg uitgeput, die afgelope Plant-seisoen, ons simpatiseer met die van ons klante wie se benodighede ons nie kon voorsien en gee u die goeie raad om nou u bestelling te plaas vir 1944 Winterplantseisoen, u is dan seker van u geliefkoosde soorte super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid!
Sierstruike, Uitlandse bome, Palms en Heiningplante beskikbaar vir Somer-Planting.
Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis aan planters. (1)

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk. Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

LOXTON IN £160

Loxton het O.B.-dag op 30 Oktober gehou toe die K.G. ook teenwoordig was. Die K.G. is deur 'n perdekommando van vyftig ruiters op die Fraserburg-pad ontmoet, vanwaar hulle na die basaar gegaan het. Hier het 'n gesellige gees van „een vir almal en almal vir elk" geheers, en baie gou was alles uitverkoop. As bewys van die geesdrif kan genoem word die prys van £6 wat 'n persie-lam behaal het en £7-15-0 vir 'n hoender wat herhaalde maal opgeveil is. **Die pragtige bedrag van £160 is ingesamel.**

Die aand het die K.G. 'n groot gehoor toegespreek en besiel. — (Meegedeel).

NOG NIE VERSONKE

Ek stap onlangs in die straat en voor my loop 'n kleurlingvrou met 'n kind. Die kind tel 'n stuk papier op. Die moeder bestraf hom, neem die papier by hom af en sê: „Vee af jou hande, netnou vat jy weer aan jou mond."

Vir mense wat daarop aanspraak maak dat hulle die voogde van die nie-blankes is, stem so iets tot nadenke. Daar is talle nie-blankes wat vandag 'n stryd moet voer teen siektes en euwels van die agterbuurte omdat dit die enigste plek is wat vir hulle deur die kapitalisme aangewys is as woonplek. Dat ons in die treurige en smerige toestande nog die wil tot reinheid by mense aantref wat daarin moet lewe, gee hoop dat met hierdie mense nog 'n oplossing van die groot vraagstuk gevind sal kan word.

MARKAGENTE

DIE BESTE BEHANDELING
ONMIDDELLIKE AFREKENING

ons merk
P & R
PIKE en RÖCHER

Eienaar: Johann Röscher
v. d. Waltstraat 268
PRETORIA.

W. VOIGT BPK.,
HUGENOOT.

Fabrikante van . . .

Kelder en Besproeiings
Masjinerie,
Sleepwaens,
Boerewaens, Ens., Ens.

Foon: Paarl 23.
Posbus 10, Hugenoot.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

Hou Koers Na
Pro Ecclesia-Drukkery,
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders
Die Laan, Stellenbosch.

ROBERTSON TRUST & AGENTSKAP BEPERK.
PUBLIEKE VERKOPING
van
KOSBARE PLAAS IN BREËRIVIER-VALLEI
WOENSDAG, 24 NOVEMBER 1943 om 10-uur v.m.

Op las van mnr. JACOB BRUWER verkoop ons sy produktiewe wingerd en gemengde boerdery plaas, deel van Wakkerstroom, distrik Robertson, groot 366 morge, op die plaas, datum en tyd hierbo gemeld.


Hierdie plaas waarvan sowat 30 morge onder besproeiing is uit die Angora kanaal en uit die Wakkerstroom privaat sloot, lê op die hoofpad Robertson—Stormsvlei, sowat 10 myl van Robertson dorp, in die vrugbare Breërivier vallei. Water vir besproeiing permanent en oorvloedig. Goeie plaasgeboue, sowat 68,000 wingerdstokke — omhein en in kampe verdeel.

Vra vir strooibiljette en verdere besonderhede.

Inspeksie van die eiendom kan gereël word met die ondergetekendes.

J. H. GENIS,
Sekr. Robertson Trust & Agentskap Bpk.,
Robertson.

WARREN, SMITH & WHITE,
Afslaers,
Bus 41, Robertson.


VAN RIEBEECK-TRUST
MAATSKAPPY BEPERK
SECURITY GEBOU (GRONDVLOER)
HEGGOR CARLICKS
KAAPSTAD


Opgerig kragtens Maatskappywet No. 46 van 1926.

TE KOOP

VAN RIEBEECK-TRUSTMAATSKAPPY BEPERK bied aan:

Die BESTE PRODUSERENDE PLASE met waardevolle verbeterings, in die omgewing BELLVILLE — MALMESBURY — DIE PAARL — SOMERSET-WES — STELLENBOSCH — DIE STRAND — TULBAGH — VILLIERSDORP — WELLINGTON en hele KAAPLAND.

DIE BESTE KOPIES WORD DEUR ONS GEREEL.

WOONHUISE in Kaapstad, Voorstede en omliggende dorpe teen die BILLIKSTE PRYSE.

Om verdere besonderhede doen aansoek by:

Van Riebeeck-Trustmaatskappy Beperk

SECURITY-GEBOU, Bus 1527, Foon 3-0764, KAAPSTAD; of sy Takkantore, Voortrekkerweg, Bus 48, Foon 9-7222, BELLVILLE; en Michaustraat 11, Bus 56, Foon 178, DIE STRAND.